#HoeNou?! – Episode 5: Wie was Jan & Jack?

Ons ken almal die gesegde: “Vra vir Jack, hy lieg net soos ek …”
Hoeveel uitdrukkings ken jy met die woord “Jan” of “Jack” in? Waarom kom hierdie name só gereeld as woorde en idiome voor in ons taal en kultuur? En hoe sê mens in Afrikaans “A Jack of all trades and a master of none”? En wat noem ‘n mens dan nou die Jack in ’n pak kaarte in Afrikaans?

Het jy geweet?

- Daar is verskeie Janne in Afrikaans, maar met verskillende betekenisse. “A Jack of all trades …” staan in Afrikaans bekend as Jan-van-alles; Hansie-my-kneg; allesdoener – dus:
    - ‘n Man van twaalf ambagte en dertien ongelukke.
- Die ander Janne:
    - jandoedel = jenewer, n.a.v. doedel, dut/slaap
    - Jan Salie = ‘n lamsak.

Nog uitdrukkings met Jan:

- Jan Tuisbly; Mal Jan onder die hoenders; Jan Rap en sy maters, Jan, Piet en Klaas; Jan Taks; Jan Publiek; Jan Alleman. **Ook:**
  Jan Mielies (mielieboer); Jan Pampoen (dom persoon); Jan Kalbas (grootprater); Jan Plank (dom persoon); Jan Platoor (vark); Jan Toontjies (ystervark); Jan Polvy (volstruis); van Jan Toekie se dae af.

En die bekende volksliedjie: Jan Pierewiet?
Daar is baie min inligting oor hierdie tradisionele volkswysie met tradisionele woorde, maar na alle waarskynlikheid hou daardie “Pierewiet” verband met die Franse danssoort “pirouette”. Die tradisionele volkspelebewegings laat ‘n mens baie daaraan dink.

Langenhoven se weergawe van Jan Pierewiet:

Jan Pierewiet, Jan Pierewiet, Jan Pierewiet, staan stil;
Jan Pierewiet, Jan Pierewiet, Jan Pierewiet, draai om.
Hy draai om en hy leen van sy ouma ‘n bril,
en hy soek met die bril na ‘n vroutjie vir hom.
“Tant Hettie”, sê Pierewiet, “gee Lettie vir my,
of Bettie of Nettie, wie ek kan kry.
En al is ek ook arm, en so lelik daarby,
gee vir my tog ‘n skapie dan troos dit vir my.”
"Jan Pierewiet", sê Hettie, "Jan Pierewiet, loop slaap.
En droom jy't 'n skapie gesoek by 'n skaap.
En tog darem 'n apie gekry by 'n aap
– maar die apie se ma het gesien jy's 'n swaap."

Die Jack in ’n pak kaarte

Het jy geweet?

- In die Nederlands is Jan die gewildste naam in die Middeleeue.
- Die Franse ekwivalent – Jaques – is die algemene naam waarmee boere aangedui is. Die Jack van ‘n pak kaarte dui dus op die benaming vir ‘n boer.
- Die geskiedenis van die pak kaarte wat ons ken, is ingebed in die Middeleeuse feodale stelsel. Ons sien dit eintlik duideliker in die Afrikaanse name van die kaarte:
  - King = Heer
  - Queen = Vrou
  - Jack = Boer

Interessant:

Is Jack dan eintlik Engels?

- **Nee.** Daardie Franse Jacques (wat dus van Jan af kom) het in Oudfrans ook die betekenis van ’n “kort mannekleed”, en toe word dit natuurlik by ons ’n “jak” (of “jakkie”, wat “jas” beteken. Daai “jak” kry ons nog in woorde soos skobbejak.
- Jek is ook al verafrikaans en opgeneem in die WAT. Ons kry sulke mooi uitdrukkings soos: rowwe jek; ’n regte jek vir die werk, en dan:

- Jek (Jan) Spanspek / spring oor die hek / en breek sy nek / [en sê dis ek]*(volgens die WAT in Warrenton aangeteken)*

Nog feite

- Een van die oorspronklike betekenisse van skobbejak was “skurwe Jack”. Waarna of na wie verwys Jack?
  - Verwys na Jacques Bonhomme, die Franse ekwivalent van Jan Alleman. Dus:
  - Jak = Jacque = Jan. Skobbejak = o.a. skurwe Jan, dus as ‘t ware ’n skurwe boer, of gewone persoon .
- Daarom ook in kaartspel kry jy die heer, die vrou en die … boer (of in Engels Jack).
  - Jacques Bonhomme (“Jack Goodfellow”) = Guillaume Cale, ’n ryk boer uit die dorp Mello naby Beauvais, wat leier geword het van die boer Jacquerie wat in Mei 1358 uitgebreek het en 'n maand lank onaangeraak was tot die Slag van Mello op 10 Junie.
- **Jy kry ook:**
  - *jack-in-the-box, jack-a-dandy, Jack Jones, Jack Frost, Jack Pudding* (= Jan Klaas < Jan Klaassen < Jan Claaszoon).
- **Die betekenis van“Skurwejantjie” soos in die WAT verklaar:**
  - ouvolk = Groot klipsalmander, Cordylus giganteus (fam. Cordylidae), tot 36 cm lank, wat 'n gewerwelde stert en harde skubbe het wat die lyf bedek, dikw. vir lang tye bewegingloos i.d. son sit en bak en veral i.d. Vrystaat en N.Kaap aangetref word; sin. skurwejantjie, sonkyker; ousopie (streektaal)
  - skurwe hakke = Toestand dat iem. se hakke skurf is, dikw. omdat daar met kaal voete gestap word, of vanweë onvoldoende sorg en

sindelikheid (sinonieme = sin. skurwe hakskene; hekkerman (streektaal; ongewoon), hekkermannetjie (streektaal; ongewoon), skubbejak (ongewoon), skurwehak (minder gebruiklik), skurwehakskeen (minder gebruiklik), skurwejaatjie (ongewoon), skurwejak (ongewoon), skurwejane (ongewoon), skurwejantjie (ongewoon), skurweskene (minder gebruiklik))

- winterskurfte
- Ongemanierde, slordige persoon wat dikw. as agterlik en rof beskou word (ook “skurwejan” genoem)
- Growwe, bros koekie, dikw. van hawermeel gemaak, en soms bedien met 'n soet vulsel in die middel van twee koekies

BRON EN EIENDOMSREG: GERHARD VAN HUYSSTEEN EN SU-AN MÜLLER-MARAIS.